# BOELIE- EN KUBERBOELIE-GEDRAG BY SKOLE:

## 'N PRAKTIESE GIDS VIR OUERS

2026

AfriForum

Marnus Kamfer en Mari-Louise Erasmus



# INHOUD BLADSY


Inleiding ....................................................................................................................... 4

1. Wat word as afknouery, boeliegedrag en teistering beskou? .................................................... 4

2. Wat behels die regte van kinders en pligte van skole? ........................................................... 5

3. Waar begin jy as jy vermoed jou kind is 'n slagoffer? .............................................................. 5

    3.1 Skep 'n geleentheid vir jou kind om te gesels ........................................................... 5

    3.2 Vind uit presies wat aan die gang is .......................................................................... 5

4. My kind word wel geboelie – wat nou? ..................................................................................... 5

    4.1 Ondersteun jou kind emosioneel ................................................................................ 6

    4.2 Moenie alleen voel nie ............................................................................................... 6

    4.3 Moenie jou kind aanmoedig om terug te boelie nie ..................................................... 6

    4.4 Formele optrede by die skool .................................................................................... 7

    4.5 Dokumentasie is belangrik .......................................................................................... 7

5. Kuberafknouery en sosiale media ............................................................................................ 8

6. Eskalasie binne die skoolstruktuur ........................................................................................... 8

7. Verdere eskalasie buite die skool ............................................................................................. 8

8. Dringende en ernstige situasies ............................................................................................... 9

    8.1 Onmiddellike optrede deur die ouer ........................................................................... 9

    8.2 Noodweeroptrede deur die kind ................................................................................. 9

9. Wanneer en hoe kan 'n klag by die SAPD gelê word? ............................................................. 10

    9.1 Wanneer is dit gepas om die SAPD te nader? ........................................................... 10

    9.2 Voorbereiding vóór jy die polisiestasie besoek .......................................................... 10

    9.3 By die polisiestasie: stap vir stap .............................................................................. 10

    9.4 Wat moet jy doen nadat die klag gelê is? .................................................................. 10

    9.5 Belangrik! ................................................................................................................ 11

10. Praktiese kontrolelys vir ouers .............................................................................................. 11

Slotopmerkings ........................................................................................................................ 11

# INLEIDING

**Boeliegedrag of afknouery, insluitend kuberafknouery of kuberboeliegedrag, is 'n ernstige probleem wat 'n negatiewe uitwerking op 'n kind se emosionele welstand, akademiese prestasie en gevoel van veiligheid kan hê. In sekere gevalle kan sodanige gedrag ook as teistering kwalifiseer in terme van die Wet op Beskerming teen Teistering 17 van 2011.**

**Hierdie gids is saamgestel om ouers en voogde te help om ingelig, gestruktureerd en wettig op te tree wanneer hul kind die slagoffer van afknouery of boeliegedrag by die skool of op sosiale media word en/of om ouers en voogde insig te gee rondom die risiko's wat hul kind in die gesig staar indien sodanige kind hom-/haarself aan boeliegedrag en afknouery skuldig maak.**

**Die gids verskaf voorts algemene inligting en riglyne en is nie bedoel as individuele regsadvies nie.**



## 1. WAT WORD AS AFKNOUERY, BOELIEGEDRAG EN TEISTERING BESKOU?

**Afknouery of boeliegedrag** kan onder meer die volgende insluit:

- fisiese aanranding of dreigemente
- verbale mishandeling, spottery, vernedering of belediging
- sosiale uitsluiting of intimidasie
- herhalende gedrag wat 'n kind se menswaardigheid en gevoel van veiligheid aantas

**Kuberafknouery of kuberboeliegedrag** verwys na soortgelyke gedrag wat op die volgende maniere plaasvind:

- WhatsApp, Telegram, Signal, SMS'e of ander kommunikasieplatforms van dié aard
- sosiale media (Facebook, Instagram, TikTok, ensovoorts)
- groepboodskappe, stemnotas of deur die verspreiding van foto's en video's
- aanlyn dreigemente, teistering of vernedering

**Teistering** word ingevolge die Wet op Beskerming teen Teistering gedefinieer as:

- **herhalende** of ernstige gedrag deur direkte of indirekte kommunikasie; en
- fisiese, verbale of elektroniese optrede wat 'n persoon se veiligheid, sekuriteit of geestelike welstand benadeel of 'n redelike vrees veroorsaak.

Kuberafknouery kan ook teistering wees, selfs al vind dit buite skooltyd of buite die skoolterrein plaas.

## 2. WAT BEHELS DIE REGTE VAN KINDERS EN PLIGTE VAN SKOLE?

Die Suid-Afrikaanse regsraamwerk beskerm kinders teen boeliegedrag en afknouery, asook onveilige leeromgewings. Die volgende wetgewing geld onder meer:

- **Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 –** Elke kind het die grondwetlike reg op menswaardigheid, veiligheid, asook liggaamlike en psigologiese integriteit.
- **Die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 –** Daar rus 'n plig op skole om dissipline te handhaaf en 'n veilige leeromgewing te verseker. Skole moet dissipline toepas in ooreenstemming met hul onderskeie gedragskodes, die Suid-Afrikaanse Skolewet en toepaslike onderwysbeleide.
  Skole het voorts 'n regsplig van sorg teenoor leerders tydens skoolaktiwiteite en waar die skoolomgewing geraak word.
- **Die Kinderwet 38 van 2005 –** Die beste belang van die kind is in alle sake van deurslaggewende belang.
- **Die Wet op Beskerming teen Teistering 17 van 2011 –** Dit bied beskerming teen volgehoue of ernstige teistering.

## 3. WAAR BEGIN JY AS JY VERMOED JOU KIND IS 'N SLAGOFFER?

Wanneer boeliegedrag, afknouery of teistering vermoed of bevestig word, behoort ouers of voogde dadelik die volgende stappe te neem.

### 3.1 Skep 'n geleentheid vir jou kind om te gesels

- Wees kalm en rustig en skep 'n veilige ruimte waar jou kind gemaklik sal voel om te praat.
- Moedig jou kind aan om te praat sonder om hom of haar te onderbreek.
- Luister! Hoe minder jy tydens die gesprek sê, hoe beter. Dit is belangrik dat jou kind sy of haar eie weergawe kan vertel van wat hy of sy ervaar.

### 3.2 Vind uit presies wat aan die gang is

- Indien jou kind dit moeilik vind om te vertel wat gebeur het, bly kalm en vra sagte, oop vrae sodat jy soveel inligting as moontlik kan kry. Ja- of nee-antwoorde beperk die geleentheid om agtergrondinligting te kry.
- Voorbeelde van oop vrae is:
  - Wanneer en waar gebeur dit?
  - Wie is betrokke?
  - Wat presies doen of sê die persoon/e?
  - Het enige onderwysers of vriende dit gesien?
  - Hoe lank gebeur dit al?
- Probeer vasstel of die tye wat die boeliegedrag plaasvind 'n patroon vorm, byvoorbeeld Dinsdae voor sportoefening, Donderdae op pad Wiskunde toe, of pouses in 'n sekere area.
- Waak daarteen om jou kind in 'n bepaalde rigting te lei. Moet byvoorbeeld nie vra of die situasie jou kind hartseer laat voel het nie, vra eerder: "Hoe het dit jou laat voel?"
- Toon empatie en sê iets soos: "Ek is jammer jy beleef dit, jy het die regte ding gedoen om vir my te sê".
- Moenie vir jou kind sê om dit net te ignoreer nie – dit laat hom of haar magteloos voel.
- Moenie paniekerig raak of dadelik iemand konfronteer nie.

## 4. MY KIND WORD WEL GEBOELIE – WAT NOU?

Indien dit duidelik word dat jou kind inderdaad 'n slagoffer van boelie- of kuberboeliegedrag, afknouery of teistering is, is daar twee belangrike fokusareas, naamlik wat jy gaan doen om jou kind se welstand te verseker en hoe jy die probleem met die regte stappe binne die raamwerk van die wet gaan aanpak. Hier is 'n paar wenke.

## 4.1 Ondersteun jou kind emosioneel

- Wees sensitief vir die feit dat jou kind dalk verleë en skaam kan voel.
- Verseker jou kind dat jy die situasie onmiddellik sal ondersoek.
- Spreek die vertroue uit dat jy, in samewerking met die volwassenes by die skool en die kind 'n oplossing sal kan vind.
- Verduidelik dat mense wat hierdie boeliegedrag openbaar, onder meer probeer om seer te maak om in beheer te voel. Jou kind moet dus probeer sterk staan voor dié tipe persoon sodat dié persoon/e nie sien hoe sy/haar/hulle gedrag jou kind seermaak en andersins raak nie.
- Verseker jou kind dat dit normaal is om seergemaak te voel en emosies soos vrees en woede te beleef.
- Vermy dit om 'n "regmaak"-pa of -ma te wees. Dit word aanbeveel dat ouers of voogde van die kind wat geboelie word hulself daarvan weerhou om direk kontak te maak met die ouers of voog van die kind wat hom/haar aan die afknouery, boeliegedrag of teistering skuldig maak. Omdat dit normaal is dat ouers en voogde graag hulle kind wil beskerm, kan emosies maklik die oorhand kry en die aangeleentheid verder eskaleer. Maak liefs gebruik van die bestaande prosesse, wat later in die gids meer volledig bespreek word, om die aangeleentheid aan te spreek.
- Moedig jou kind aan om aan aktiwiteite deel te neem waar hy/sy veilig en waardevol voel.
- Bou selfvertroue deur positiewe gesprekke: fokus op wat jou kind goed doen.
- Identifiseer 'n volwassene by die skool met wie jou kind dadelik kan praat indien daar 'n insident plaasgevind het en wat ook op 'n gereelde basis ondersteuning kan bied.
- Monitor jou kind se gedrag – kyk vir tekens van angs, slapeloosheid, of dat jou kind nie meer skool toe wil gaan nie.
- Indien nodig, kry hulp van 'n skoolberader, opvoedkundige sielkundige of terapeut.
- Hou jou kind ook deurentyd bewus van vordering met die saak en stappe wat gedoen word.
- Dit is noodsaaklik dat beide ouers of voogde ooreenstem oor die erns en hantering van die saak. Dit kan onberekenbare skade aan die kind se selfbeeld en geloofwaardigheid aanrig indien een van dié twee die kwessie ernstig opneem, maar die ander een dit as onbenullig afmaak.

## 4.2 Moenie alleen voel nie

- Vind ondersteuning by ander ouers, familielede of 'n ouerkomitee.
- Deur kalm, volgehoue stappe te neem, wys jy jou kind hoe om selfrespek en moed te hê.

## 4.3 Moenie jou kind aanmoedig om terug te boelie nie


- Leer jou kind terselfdertyd om veilig te bly en hulp te soek, eerder as om die boeliegedrag na te boots, deur byvoorbeeld uitlatings op sosiale media te maak of sonder meer iemand te lyf te gaan.
- Wraak of aggressie kan die situasie vererger of vir die slagoffer dissiplinêre probleme skep, wat ten alle koste vermy moet word. Die slagoffer moet die morele hoë grond behou.
- Help en moedig jou kind aan om selfgeldend – maar nie aggressief nie – op te tree en dan weg te loop. Oefen dit by die huis! Leer hom of haar byvoorbeeld om ferm te sê: "Moenie dit doen nie, ek hou nie daarvan nie" of "Hou asseblief op. Ek wil nie so behandel word nie."
- Indien dit egter vir die kind onmoontlik is om weg te kom en sy of haar fisiese veiligheid word bedreig, mag dit regverdigbaar wees om hom- of haarself in noodweer te verdedig. Die definisie van noodweer is wanneer iemand die nodige geweld gebruik om hom- of haarself teen 'n onregmatige aanval te verdedig. Dit kan 'n aanval wees wat reeds begin het of onmiddellik dreigend is. Die regmatige optrede onder sulke omstandighede word later in die gids meer volledig bespreek, maar sal hopelik nooit nodig wees nie. Die ideaal is dat die formele klag by die skool die probleem sal oplos.

### 4.4 Formele optrede by die skool

- Elke skool se interne klagteproses verskil en indien jy reeds stappe gevolg het volgens die skool se beleid en nie die situasie kon oplos nie, kan jy voortgaan deur ’n formele klag by die skool te lê. Onthou, dit is die proses wat jy moet volg, selfs wanneer die insidente ná skool of weg van die skoolterrein plaasgevind het. Die stappe word later in die gids volledig uiteengesit.
- Verwys na die skool se gedragskode. As jy nie kennis dra daarvan nie, vra ’n afskrif daarvan en ook van die skool se teenboelie-beleid (die skool is verplig om so ’n kode en beleid te hê en dit beskikbaar te stel).
- Dien ’n **skriftelike klagte** by die skoolhoof in. Hou dit eenvoudig en saaklik, moenie emosioneel raak of van die onderwerp afdwaal nie. Meld die insidente, datums, tye, plekke en name van betrokkenes (insluitend getuies). Gee spesifieke voorbeelde en noem hoe dit jou kind beïnvloed (byvoorbeeld dat die kind vrees om skool toe te gaan of swak presteer as gevolg daarvan).
- Versoek dat die aangeleentheid formeel ondersoek word.
- Vra vir **skriftelike terugvoer** en sluit tydlyne in waarbinne die skool moet reageer (gewoonlik vyf tot tien werksdae).

### 4.5 Dokumentasie is belangrik

- Hou ’n **volledige, chronologiese rekord** van alle voorvalle – ook indien daar verdere insidente plaasvind nadat die klagte gelê is.
- Skryf alle insidente steeds neer met die datums, tye, plekke en name van betrokkenes.
- Bewaar alle kommunikasie met die skool – druk e-posse en skermskote om te verseker dat dit behoue bly.
- Indien kuberafknouery plaasvind, moet alle betrokke **skermskote, boodskappe, plasings en media** ongewysig en so volledig as moontlik gestoor en gedruk word. Maak seker dat jy nie net die teks bewaar nie, maar ook die datum, tyd en sender se besonderhede.



- Wees bewus van “view once”-boodskappe op WhatsApp. Jy kan dit net een keer oopmaak. Dit verdwyn direk nadat jy dit oopgemaak het. Indien jou kind so ’n boodskap kry, herinner hom of haar om voorbereid te wees wanneer die boodskap oopgemaak word. Jy kan nie ’n skermskoot of -video neem van ’n “view once”-boodskap nie, maar jy kan ’n ander selfoon inspan om die boodskap of video af te neem sodat jy bewyse het.
- Hierdie bewyse en rekords moet bewaar word, al kom dit voor of die boelie skielik berou toon en onderneem om die gedrag onmiddellik te staak. Die situasie kan maklik weer opvlam of die boelie kan besluit om die boeliegedrag voort te sit.

## 5. KUBERAFKNOUERY EN SOSIALE MEDIA

Selfs waar kuberafknouery buite skooltyd plaasvind, kan dit steeds die skoolomgewing nadelig beïnvloed. Ouers en voogde behoort dus:

- alle voorvalle **by die skool aan te meld** indien dit die leerder se skoolervaring raak;
- die betrokke **sosialemediaplatform se klagtemeganismes** te gebruik; en
- in gedagte te hou dat ernstige kuberafknouery strafregtelike gevolge kan hê.

## 6. ESKALASIE BINNE DIE SKOOLSTRUKTUUR

Indien 'n formele klag gelê is, maar die skoolhoof nie na behore en bevredigend optree nie, is dit noodsaaklik om die saak verder te voer.

- Eskaleer die saak vervolgens na die **skoolbeheerliggaam (SBL)**.
- Die SBL is verplig om dissiplinêre en veiligheidsake te hanteer.
- Versoek dat die saak formeel bespreek en genotuleer word.
- Hou alle kommunikasie steeds professioneel en op skrif, en bewaar kopieë van alles.
- Dit kan help as jy die skool se teenboelie-beleid, gedragskode en dissiplinêre prosedures vooraf bestudeer, kontroleer of die skool dit volg en enige afwykings of gevalle waar prosedures nie gevolg is nie, onder die SBL se aandag bring.

## 7. VERDERE ESKALASIE BUITE DIE SKOOL

Ouers kan verdere stappe oorweeg indien die skoolhoof en SBL versuim om redelik op te tree en/of op onredelike gronde weier om die skool se interne dissiplinêre proses te volg. Dit sluit die stappe in wat hieronder bespreek word.

- 'n Klag kan by die distrikskantoor van die **provinsiale Departement van Onderwys** gelê word. Weer is duidelike inligting en die aanheg van kopieë van die tersaaklike bewyse nodig.
- Jy kan ook die nasionale Departement van Basiese Onderwys se **skoolveiligheidslyn** (0800 45 46 47) skakel. Dit is 'n anonieme hulplyn vir leerderveiligheid en beskerming teen mishandeling. Alternatiewelik kan jy Childline SA by 0800 055 555 kontak.
- Indien jy voel dat die skool of distrikskantoor nie die situasie ontlont het of nie voldoende opgetree het nie, kan jy 'n formele versoek om hersiening by die **provinsiale Departement van Onderwys** indien, of die saak by die **Openbare Beskermer** aanmeld indien daar bewysbare administratiewe nalatigheid was.
- Konsultasie met 'n prokureur, opvoedkundige sielkundige of 'n ander relevante professionele persoon kan ook oorweeg word. Doen vooraf navorsing op die internet, in sosiale kringe en deur ander netwerke om seker te maak dat sodanige professionele persoon wel waarde sal toevoeg en ondervinding met soortgelyke sake het. Indien die ouer of voog ná hierdie ondersoek steeds onseker is, kan met meer as een professionele persoon gekonsulteer word om seker te maak dat die raad en werkswyse strook, al dan nie.
- Aanmelding van die aangeleentheid by die **Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD)** in gevalle van aanranding, dreigemente, teistering of ander statutêr strafbare gedrag. Dit geld onder meer ook vir seksuele boeliegedrag. Die proses wat gevolg moet word, word later in meer besonderhede bespreek.
- Ouers kan oorweeg om die Wet op Beskerming teen Teistering te benut, indien:

    - die gedrag herhalend of ernstig is;
    - die kind se emosionele of fisiese veiligheid wesenlik bedreig word; en
    - aanlyn teistering voortduur ondanks redelike pogings om dit stop te sit.

In sulke gevalle kan ouers:

- o by die Landdroshof aansoek doen om 'n beskermingsbevel om die teistering te stop en verder te voorkom;
- o by die SAPD, Landdroshof of prokureur van hulle keuse hulp met die proses vra; en
- o enige gestoorde en genoteerde bewyse ter ondersteuning van die aansoek gebruik.

'n Beskermingsbevel kan ook voorsiening maak vir:

- o 'n verbod op verdere kontak of enige verdere teistering; en
- o die identifikasie van anonieme teisteraars.

## 8. DRINGENDE EN ERNSTIGE SITUASIES

### 8.1 Onmiddellike optrede deur die ouer

Indien daar 'n **onmiddellike risiko** vir die kind se fisiese of geestelike veiligheid bestaan, moet die volgende stappe gevolg word:

- Tree onmiddellik op om die kind te beskerm.
- Verkry mediese of sielkundige hulp, waar nodig.
- Kontak nood- en/of wetstoepassingsdienste indien toepaslik.
- Bekom 'n beskermingsbevel op 'n dringende basis soos bo uiteengesit.

### 8.2 Noodweeroptrede deur die kind

Noodweer dien as 'n regverdigingsgrond wat 'n persoon kan opper as hy of sy van 'n kriminele misdryf aangekla word. Indien X vir Y fisies met die vuis aanval en Y weer die aanval af deur vir X met 'n goed geplaaste hou op die neus in sy spore te stuit, het Y in noodweer opgetree en sou hy dit as 'n verweer (met ander woorde ter verdediging) kon opper indien hy van aanranding, of enige ander misdryf of oortreding aangekla word.

Om noodweer suksesvol te kan opper, moet daar aan verskeie elemente voldoen word. Indien een van die elemente ontbreek, sal die regverdiging nie slaag nie. Die elemente word vervolgens breedvoerig met voorbeelde beskryf:

- Die aanval, wat deur noodweer afgeweer word, moet onwettig wees. Indien 'n persoon byvoorbeeld sonder meer deur iemand aangeval word omdat die aanvaller die persoon wil verneder deur hom voor klasmaats aan te rand, is die aanvaller se gedrag onregmatig en kan die persoon wat aangeval word in noodweer optree om die aanval af te weer.
- Die aanval moet gerig wees teen 'n belang wat die reg as beskermingswaardig ag. Aangesien die Suid-Afrikaanse reg die reg op byvoorbeeld lewe, menswaardigheid en sekuriteit van persoon verskans, sal daar in noodweer opgetree kan word om hierdie regte te beskerm. Noodweer sal dus geopper kan word indien X vir Y met 'n mes aanval en Z dan intree om Y se lewe te beskerm en X se aanval af te weer.
- Die aanval moet dreigend wees, maar nog nie afgeloop nie. Indien die aanval onmiddellik dreigend teen X se persoon is en X moet optree om die aanval af te weer, sal X noodweer kan opper. Indien Y egter vir X aanval, maar besluit om liefs die hasepad te kies voor X tot die verdediging oorgaan, kan X nie vir Y agternasit en 'n opstopper gee nie, aangesien die aanval afgeloop is (met ander woorde nie meer voortgaan nie).
- Die afweerhandeling moet teen die aanvaller gerig wees. Indien X vir Y aanval, kan Y nie vir Z in noodweer takel nie.
- Die afweerhandeling moet noodsaaklik wees om die bedreigde se reg te beskerm. Die afweerhandeling moet die enigste wyse wees waarop die bedreiging van 'n persoon teengestaan kan word. Indien dit moontlik is om van ander alternatiewe gebruik te maak om die bedreiging af te weer, moet so 'n roete gevolg word.

- Daar moet 'n redelike verhouding tussen die aard en erns van die aanval en die afweerhandeling bestaan. Die noodweerhandeling moet met ander woorde in vergelykbare verhouding tot die aanval wees. Y kan byvoorbeeld nie 'n 12-jarige X met die vuis bykom omdat X, Y se potlood optel om daarna te kyk nie, aangesien die afweerhandeling nie proporsioneel billik tot die "aanval" is nie.

# 9. WANNEER EN HOE KAN 'N KLAG BY DIE SAPD GELÊ WORD?

## 9.1 Wanneer is dit gepas om die SAPD te nader?

Ouers behoort te oorweeg om 'n formele klag by die SAPD te lê wanneer:

- die gedrag ernstig is of in erns toeneem;
- daar dreigemente, aanranding, seksuele teistering, intimidasie of ander strafbare optrede plaasvind;
- afknouery volhard ondanks waarskuwings of die skool se prosesse; en
- die kind se veiligheid of welstand wesenlik en onmiddellik bedreig word.

**Belangrik:** Die skool se interne dissiplinêre prosesse en strafsake wat begin met 'n klag by die polisiekantoor, kan **parallel** verloop. Die een sluit nie die ander uit nie.

## 9.2 Voorbereiding vóór jy die polisiestasie besoek

Om die proses te vergemaklik, behoort die dokumentasie wat relevant tot die saak is, soos byvoorbeeld enige bewyse, korrespondensie, chronologiese opsommings, en ander rekords wat byvoorbeeld in hierdie gids genoem is, bymekaargemaak en saamgeneem word. Neem ook die kind en ouers of voogde se identifikasiedokumente of die kind se geboortesertifikaat saam.

## 9.3 By die polisiestasie: stap vir stap

- Meld by die aanklagkantoor ("charge office") aan en verduidelik dat jy 'n **formele klagte namens 'n minderjarige** wil lê.
- Verduidelik die **aard van die klagte** (byvoorbeeld aanranding, intimidasie, ensovoorts).
- Lê 'n **beëdigde verklaring ("affidavit")** af waarin die feite duidelik en chronologies uiteengesit word. Verwys ook na die relevante bewyse in die vorm van dokumente of ander dokumentasie wat saamgeneem is.
- Oorhandig die **bewyse** en versoek dat dit saam in die dossier geplaas word. Maak egter seker dat jy self ook kopieë of fotografiese rekords van alles hou.
- Vra vir 'n **MAS- of CAS-nommer** (misdaadverwysingsnommer) en bewaar dit veilig. MAS is die afkorting vir die SAPD se misdaadadministrasiestelsel. Dit gebeur meestal dat die bogenoemde nommer per SMS aan die klaer gestuur word sodra die aangeleentheid formeel op die stelsel geregistreer is. Hierdie boodskap sluit ook die kontakbesonderhede in van die polisiebeampte wat as ondersoekbeampte dien.
- Vra vrae oor **verdere stappe** waaroor daar twyfel bestaan, insluitend:
    - o die ondersoekproses;
    - o 'n moontlike verwysing vir 'n **beskermingsbevel teen teistering**; en
    - o enige aanvullende dokumentasie wat benodig word.

## 9.4 Wat moet jy doen nadat die klag gelê is?

- Volg waar toepaslik skriftelik en telefonies met die ondersoekbeampte op – onthou om 'n redelike tyd te gee vir die SAPD om die klag te ondersoek.
- Hou 'n rekord van alle korrespondensie, verwysingsnommers, betrokke individue en kommunikasie.

- Lig die skool in dat 'n formele klagte gelê is (sonder om die ondersoek te benadeel).
- Oorweeg professionele ondersteuning (berading/sielkundige hulp) vir jou kind, indien dit nie reeds plaasvind nie.

### 9.5 Belangrik!

- Moenie bewyse wysig, fabriseer, verwyder of enige stappe doen wat die saak kan kniehalter of belemmer nie.
- 'n Klagte van hierdie aard is 'n ernstige regsproses en moet feitlik, logies, kalm en akkuraat hanteer word.
- Onthou dat die klag ernstige langtermyn-gevolge vir die skuldiges kan inhou – dit kan onder meer hulle toegang tot naskoolse studies kelder. Dieselfde geld vir vals klagtes. Die betrokkenes moet hierdie gevolge verstaan.

## 10. PRAKTIESE KONTROLELYS VIR OUERS:

√ Dokumenteer elke voorval volledig.
√ Bewaar alle bewysmateriaal (ook digitaal).
√ Dien 'n skriftelike klagte by die skool in.
√ Eskaleer na die SBL indien nodig en daarna na die toepaslike vlak van die provinsiale Departement van Onderwys.
√ Meld ernstige gedrag by die SAPD aan.
√ Gebruik sosialemediaplatforms se rapporteringsfunksies indien daar van kuberboeliegedrag sprake is.
√ Soek professionele ondersteuning waar toepaslik.
√ Hou alle kommunikasie skriftelik en feitlik.
√ Verwys die aangeleentheid na die hof in ernstige gevalle vir 'n beskermingsbevel soos bo bespreek.

## SLOTOPMERKINGS

Die prosesse wat in hierdie gids uiteengesit word, kan stadig voel, maar hou moed en onthou dat volgehoue, ordelike optrede met bewyse nodig is om aksie te verseker. Deur alles te dokumenteer en die regte stappe te volg, bou jy 'n saak wat moeilik geïgnoreer kan word. Jou volharding help ook nie net jóú kind nie, maar ander kinders wat nou of in die toekoms dieselfde uitdagings in die gesig mag staar.

Hierdie gids is daarop gemik om ouers te **bemagtig met kennis en praktiese stappe**. AfriForum is 'n voorstander van die bevordering van die beskerming van kinders se regte en 'n gesonde en effektiewe onderwysomgewing, maar tree nie as regsverteenwoordiger of party in individuele skoolgeskille op nie.



